UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bylaag B.

Maud Mary Griffiths (gebore Purcell) is op 25 Augutus 1874 te Pelgrimsrust gebore. Haar vader John Purcell en haar moeder Mary Ann Purcell het in 1872 van Kimberley na Mc Lachlan op Geelhoutboom in die Dist Lydenburg getrek en was dus een van die eerste delwers te Mac Mac.

Van Mac Mac het John Purcell en sy familie verskuif na Pelgrimsrust waar Maud Mary op 25 Aug. 74 as die eerste blanke delwersbaba gebore is.

Dr. Stoble , die latere Goudkommissaris, wat die geval waargeneem het, het die gerug versprei dat Purcell'n 10 lb. " nugget, " gekry het en persone het selfs van Lydenburg gekom om dit te sien.

Op 24 jarige leeftyd is Maud Mary getroud met William Herbert Lilley.(12 Junie 1898.) Uit die huwelik is 3 kinders gebore,'n seun en twee dogters. Die jongste, nou 'n Mevr. Mac Farlane is die eienares van 'n winkel in die dorpie Pelgrimsrust en woon vandag nog daar.

In 1903 is William Herbert Lilley oorlede en in 1909 is Maud Mary weer getroud met 'n sekere Mnr. Griffiths. Uit hierdie huwelik is weer twee dogters gebore.

Na die dood van Mnr. Griffiths in Oktober 1945 het Maud Mary by haar jongste dogter,'n Mevr. Fraser,te Whitfield naby Boksburg gaan woon.

Merv. Griffeths kan heel interessant gesels oor die pioniersdae van Pelgrimsrust en kan sy nog baie insidente onthou.

Die Sekoekoeni oorlog staan haar nog duidelik voor die gees en vertel sy dat haar ouers haar gereeld saans na die laer te Pelgrimsrust geneem het.

In 1878 het haar vader hulle die delwerye te Pelgrimsrust verlaat en verskuiwe na Swasiland, maar hulle het in 1880 weer na Pelgrimsrust terug gekeer.

Sy was nog jonk maar sy kan goed onthou dat met hulle

..terug/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terugkoms te Pelgrimsrust 'n sekere David Benjamin die onliggende plase opgekoop het. (Dieselfde plase wat vandag nog aan die Transvaal Gold Mining Estates behoort) Die eerste bestuurder was Gardner Williams en Abey Bailey was 'n vennoot in die maatskappy.

Mevr.Griffiths was juis te Pelgrimsrust om te kuier by Mevr. Mac Farlane toe ek haar in Julie 1949 ontmoet het, maar haar huisadres is:

Bus 20,
Whitfield,
Boksburg.

MEVR. JOUBERT - '4